# Die Kruin-o-gram

03 Januarie 2021 - Uitgawe 01

## ‘n Nuwe Jaar vol ou probleme | Romeine 3:10-26

Regoor die wêreld is die sentiment rakende die jaar 2020 heelwaarskynlik negatief. Ons sien in die nuus dat die getal Covidinfeksies met rekordgetalle toeneem, dat die ekonomie in vlardes is en dat die een ramp na die ander homself voor ons afspeel.

In hierdie chaos en in hierdie negatiewe atmosfeer moet ons, onsself afvra: Waar is God? Hoe gaan ons 2021 binne met al hierdie ‘ou’ probleme en het steeds hoop. Ons antwoord lê in Romeine 3:10-26. In hierdie gedeelte doen Paulus twee dinge.

1) Hy herinner ons aan ons eie sonde en ons eie tekortkominge, sodat ons kan besef dat ons afhanklik is van die Here. Dit is net die Here wat tot ons redding kan kom.

2) Herinner Paulus ons daaraan dat dit juis is wat Jesus kom doen het. Ons is gered en ons is vrygekoop van ons eie sonde, dit is ons werk om in daardie vryheid te leef.

In ‘n tyd waar die wêreld in krisis is, is hierdie wete ons hoop en ons anker. In ‘n tyd waar ons na antwoorde soek op moeilike vrae, is Jesus ons antwoord. En in ‘n tyd waar ons na die Here soek, sal ons die Here in stilte raaksien. Vra jouself af: Waar is God in hierdie Nuwe Jaar en kyk of jy die Here daar kry.

### Romeine 3:10-26

Daar staan immers geskrywe: “Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie, daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie. “Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie. “Hulle keel is 'n oop graf, met hulle tonge bedrieg hulle. Oor hulle lippe kom woorde so giftig soos slange, hulle mond is vol vervloeking en bitterheid. “Hulle voete is vinnig om bloed te vergiet. Hulle laat 'n spoor van verwoesting en ellende agter. Die pad van vrede het hulle nie leer ken nie, ontsag vir God het hulle nie. Dit weet ons: alles wat Moses se wet sê, sê hy vir dié wat die wet het. Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God. Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is. God verlos die mens Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo. Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo. Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe. Maar Hy het ook getoon wat sy vryspraak in die teenswoordige tyd behels: Hy oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
    a. Het jy vir die Nuwe Jaar 'n Nuwe Jaars voorneme gemaak?
    b. Wat is daardie Nuwe Jaars voorneme?
    c. Hoe het julle hierdie jaar die Nuwe Jaar binne gegaan?

2. Na God
    a. Lees Romeine 3:10-26
    b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
    c. Hoe help hierdie gedeelte ons om hoop te vind vir die volgende jaar?
    d. Is God vir jou 'n bron van hoop?

3. Na mense
    a. Hoe gaan jy hierdie hoop wat ons Romeine 3:10-26 lees, verkondig?

# Om jou te help

Kyk die video van 'The Bible Project' om te verstaan wat Paulus bedoel wanneer hy van die Wet van Moses praat.

https://youtu.be/3BGO9Mmd_cU



# Nuwe jaar, Nuwe ervarings



*Voorspoedige nuwe jaar aan elke maatjie!*



Sien jy uit na die jaar wat voorlê?


As jy ja geantwoord het, waarvoor sien jy die meeste uit?

As jy nee geantwoord het, hoekom nie?

2020 Was 'n vreemde jaar vir ons almal, want nie een van ons het al so iets beleef nie. Daarom is ons miskien so bietjie skrikerig vir 2021, want ons weet nie eintlik wat voorlê nie.

In jou eie lewe is daar nogsteeds dinge waarvoor jy kan uitsien en nuwe dinge wat gaan gebeur, soos jy wat byvoorbeeld na 'n nuwe graad toe gaan. Dit is baie opwindend, want dis 'n nuwe ervaring vir jou. Net soos dit gaan daar ook baie ander en nuwe ervaringe wees hierdie jaar. In al hierdie ervarings, of dit goed of sleg is, stap God elke tree saam met jou. Jy moet dit nooit vergeet nie.

So, pak hierdie nuwe jaar en nuwe ervarings aan en weet dat God altyd by jou is, maak nie saak wat nie.



## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 03 Januarie** | |
| Vonmari Jacobs | |
| Liam Joubert | |
| Bets Lottering | 012 548 0708 |
| Tyler-Jade Venter | 083 454 6617 |
| | |
| **Maandag 04 Januarie** | |
| Annina Coetsee | 076 559 7559 |
| Hentie du Plessis | 083 324 7287 |
| | |
| **Dinsdag 05 Januarie** | |
| Jayden du Toit | |
| Tania Wolfaardt | |
| | |
| **Woensdag 06 Januarie** | |
| Jo-Naven Billet | |
| Derik Cronje | 012 804 7620 |
| Jannie de Beer | 012 804 2840 |
| | |
| **Vrydag 08 Januarie** | |
| Ank de Haaij | 072 377 3970 |
| Neeltjie Jenkins | 076 428 8142 |
| Jaco Venter | 083 454 6617 |
| | |
| **Saterdag 09 Januarie** | |
| Christo Bernard | 012 804 4840 |
| Elizka Jacobs | 072 581 3716 |
| | |
| **Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!** | |

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina
Rita Pieters - Yvonne Lombard

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie - Marc Barclay - Jana Barclay
Koos Bothma - Sarie Bothma - Henriette Roux se moeder

**OPERASIES**
Sonia-Marié Kleynhans - Francois Booyse
Alana Jacobs - Johan Van Wyk - Richard van Tonder

**AFSTERWE**

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert - Runé en Eckard Erasmus

**ONS BID OOK VIR**
ons gesondheidswerkers en almal wat geaffekteer is deur Covid-19

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

## Kry ons Toep

vir

1. Die nuutste gebeure in ons gemeente
2. Al ons Eredienste, Bybelstudies en Kategese material
3. Om meer inligting te bekom oor huwelike, dope en begrafnisse

